PBBV PRPA Paarl Belastingbetalers Vereniging Paarl Rate Payers' Association

*Nuusbrief 18/06/2021 News Letter*

Geagte PBBV Lede

***Munisipale rekeningskok!***

Ons bring vir julle slegte nuus wat betref verhogings in Munisipale Tariewe van 1 Julie 2021.

Die Paarl Belastingbetalersvereniging het in April as deel van die afvaardiging van die Drakenstein Gemeenskapsforum (saam met die Drakenstein Sakekamer en die Afrikaanse Gespreksforum) vergader met die Stadsbestuurder en die Onderburgemeester (Uitvoerende Raadslid vir Finansies) om die nuwe Munisipale Tariewe te bespreek. Ons het hulle daarop gewys dat die verhoging in Eiendomsbelasting misleidend aangedui word as 0%, omdat nuwe Eiendomswaardasies van 1 Julie 2021 geld. Verlede week het die Burgemeester aangekondig dat die Stadsraad besluit het om Eiendomsbelasting met 2% te verminder om die impak van die nuwe waardasies "te versag", maar dit is steeds uiters misleidend.

In werklikheid gaan Eiendomsbelasting styg met 'n persentasie soortgelyk aan die persentasie waarmee jou Eiendomswaardasie verhoog het, en nie met 2% verminder nie. Hoewel die sent in die rand aanslag verlaag is met 2% (van 0.007255 tot 0.007110), gaan Eiendomsbelasting met gemiddeld 17% styg weens die verhoogde waardasies. Vermenigvuldig jou huis se nuwe waardasie met 0.007110 en deel die antwoord deur 12 om uit te werk wat jy per maand gaan betaal van Julie.

Hierdie verhoging sal sigbaar wees in die Munisipale Rekening wat in Augustus 2021 betaalbaar is. Dit is nou afgesien van die verhoging van die tariewe vir riool, water, vullisverwydering en die stywe verhoging vir krag wat ons almal se Munisipale Rekenings aansienlik sal laat styg.

In die verlede is die Eiendomsbelastingtarief met 8% tot 10% verlaag in 'n jaar waarin die waardasies verhoog. Dit het ongelukkig nie vanjaar gebeur nie, en Belastingbetalers kan 'n groot toename in hul rekenings verwag van Augustus 2021. Ongelukkig het ons vertoë dus op dowe ore geval, vermoedelik omdat die Munisipaliteit groot bedrae moet afbetaal aan lenings wat oor die afgelope tien jaar aangegaan is.

Vriendelike groete

**Dr Cas van Wyk**

**PBBV - Voorsitter**